# Tafnuus: Junie 2025

**Beste Tafelberg-Fotografieklublid**

Winter is met ons en herinner ons dat daar 'n tyd of seisoen is vir elke ding, ook 'n tyd om te reflekteer en te rus. Onthou om soms die klein dingetjies te geniet en tyd te maak vir wat werklik saak maak. Bly jou fotografie reis geniet en ja, ons spoor mekaar aan met kompetisies maar wil ook balans en humor en verhoudings bly koester.

- **Junie Uitstappie:** Ons uitstappie na World of Birds in Houtbaai is veral goed ondersteun deur ons nuwe lede en was 'n aangename saam kuier geleentheid. Ons het ook Martin Osner se pragtige galery in Houtbaai besoek waar ons inspirasie ontvang het om ook ander tegnieke en gendres te ondersoek.
- **Tafelberg salon:** Ons het meer as 4000 inskrywings ontvang en Tafklub salon beoordeling vind tans plaas. Dankie aan die salon komitee vir hul harde werk om hiervan 'n sukses te maak.

## 1.WEN-FOTO'S van Junie 2025- KATEGORIE – Perspektief, beoordelaar Francois Roux:

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Rudolph Hiemstra: Magnolia**<br>**Wenner: Ope Kategorie** | **Arnold van Dyk: King in Prime**<br>**2de Ope Kategorie** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Juliane van Dyk: Weskus Park Jetty**<br><br>**Wenner: Vaste kategorie perspektief** | **Neels Beyers: Glenelly wine cellar**<br><br>**2de Vaste kategorie perpektief** |
|  | **Gerhard Kroukamp: Afrikaans in Beton**<br><br>**Wenner: Junior wenner Perspektief kategorie** |
| | |

**Baie geluk aan die Junie Maand kompetisie wenners en aan elkeen wie deelgeneem het!!!!**

## 2. Julie 2025: BYEENKOMSTE

- **Vaardigheid. 1ste Julie:** Die byeenkoms sal slegs geZoom word om 19h00.
- **Antoinette Morkel is ons vaardigheids aand aanbieder: tema landskaps fotografie.**
- Die maand se klubkompetisie is die **15e Julie, s**luitingsdatum vir inskrywings is die **9de Julie.**
- **Muriel Joubert is ons beoodelaar.** Onderwerp: Stillewe in outydse kuns, kan kos, produkte, speelgoed, implemene ens wees. Komposisie is belangrik, manipulasie toegelaat, kleur fotos. Foto nie ouers as 2 jaar. Ook slegs Zoom byeenkoms. Onthou Fransonette Swart se vaardigheids aanbieding.
- **Uitstappie heel waarskynlik: Dinsdag die 29ste Julie: 12th South African Ballet Competition (28th to 31st July 2025)** in die Artscape teater. 18h00 tot 23h00. Sal nog bevestig.
- **Gaan gerus op PSSA se webtuiste en kyk na verskillende afdelings, wen fotos en nuus.**

## 3. KLUB PRESTASIES:

### 3.1 Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):

- Die syfers aan die begin van kolom is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. Dankie aan elkeen wie ingeskryf het. **Baie geluk aan die onderstaande TAFklub lede!!! Ons mikpunt vir 2025 is om weer onder die top 10 klubs op die Impala lys te eindig ons is tans 7de op die Klub posisie lys; 28 punte agter Kaapstad en Magalies foto klubs. Skryf asb in vir die orige "Up and Coming" jeug salon vir ons Juniors. Inskrywings is gratis op Photovault vir die jeug salon!!! Sluit 21ste Junie. Baie dankie!!**

| Naam | SSCC salon | PECC nationale salon |
|---|---|---|
| Neels Beyers | 1 | 4 |
| Mike Barkhuysen | | 1 |
| Andre de Koker | 1 | 4 |
| Phillip de Lange | 3 | 3 |
| Louise de Lange | 2 | 2 |
| Christo Giliomee | 3 2 Meriete | 6 |
| Niel Goslett | 10 | |
| Quintus Heine | 2 | 3 1 Meriete |
| Juliane van Dyk | 7 | 7 |
| Adriaan v Zyl | 3 | 2 |
| Karen v Zyl | | 3 |
| Mariana Visser | 1 | Kategorie silver medalje vir visual art!!! |
| Arnold van Dyk | 3 2 Meriete | 3 1 Meriete |
| Sonja Myburgh | 3 | 4 1 Meriete |

**Impala lys top 10 individuele posisies van Tafklublede tot by SSCC salon uitslae** <u>(gaan nog verander met 4-5 salon uitslae uitstaande)</u>**:**
**Christo Gillomee 16de (eerste in Wes Kaap),** Juliane van Dyk 25ste, Niel Goslett 53ste, Theo Potgieter 59ste, Adriaan v Zyl 62ste, Quintus Heine 72ste, Karen v Zyl 94ste, Mariana Visser 108ste, Neels Beyers 141ste en Sonja Myburgh 167ste.

4. **KLUB NAWEEK UITSTAPPIE 25-27ste JULIE 2025 (**herhaling ter wille van nuwe lede) Min dae oor om te bespreek asb.

Hierdie jaar se Uitstappie is gebaseer op verlede jaar se baie suksesvolle uitstappie na Lambertsbaai waar beide kamp geriewe en huisies beskikbaar was.
Ons gaan na Utopia toe, wat sowat 10 km buite Swellendam, op die Bonnievale pad, gelee is. Die doelwit is om die Canola en winter onweer op sy beste te vang.
Hier is Utopia se Facebook blad waar julle kan sien hoe dit daar lyk.
https://www.facebook.com/profile.php?id=100047724648171
Moet nie bekommer oor te veel nat reën nie. ‘n Groot aantrekkingskrag is die ruim lapa waar ons almal onder dak rondom ‘n gesellige vuur kan saam kuier. En dan is daar ook ‘n verdere groot onder dak area langs die lapa. Ons het eksklusiewe gebruik hiervan vir die naweek. Die plaas en omgewing het ook pragtige landskappe en die Canola behoort in volle blom te wees.

**Bring saam :**

Bring asb julle eie eetgery & kampstoele vir gebruik in die lapa. Die huise se kombuis toerusting, breekware, glase ens. mag nie uit die huise geneem word nie.Die klub dek die koste vir die huur van die lapa & 10 bondels hout. Bring gerus nog hout saam as julle dink dis nie genoeg nie.

Bespreking vir kampering is minder dringend omdat ons nie die hele kamp plek sal kan opneem nie.

**Beprekings word deur Martie Taljaard hanteer.**
**Kontak haar by Whatsapp +27 82 334 1657. Sy toer tans in Namibie.**
Ons wil graag die admin sover moontlik beperk.
Geen voorlopige besprekings sal aanvaar word nie . Daarom sal besprekings eers bevestig word wanneer volle betaling (in die klub rekening) gemaak is. Verwysings : *Jou & van - Utopia* . Stuur asb die POP aan Martie.
Daar sal ook geen terug betalings wees vir kanselasies nie – kry gerus ‘n ander klublid om in julle plek te gaan.
Die sluitingsdatum vir alle besprekings is **1 Julie 2025.**

*Geniet die fotografie geleenthede om jou, veral winter landskaps geleenthede in die Weskaap. Ons vaste kategorie tema vir Augustus.*
*Oefen Stillewe komposisies deur onder andere fotos uit veskillende perpektiewe te neem, ook van bo vir ons Julie kompetisie. Kry insirasie ook op Pinterest .*
*Bly groei en leer van mekaar, stel haalbare nuwe doelwitte vir jouself. Mentorskap en informele leer geleenthede bly kosbaar.*

Neem steeds kennis:

Heelwat van ons komitee lede toer steeds per geleentheid die volgende paar weke deur Suider Afrika, Malawi, Namibie, Angola, Oos Kaap ens. Reaksie tyd en teugvoer vanaf Tafklub kantoor sal dus stadiger wees as normaalweg. Dankie vir jul begrip.

Vriendelike groete

Juliane van Dyk